

# Die Evangelie volgens Markus

Geloof in Aksie
Nederduitsch Hervormde Kerk
RANDBURG

## Hoofstuk 7

**Die oorgelewerde gebruik van die voorgeslagte**
**(Matt. 15:1-9)**

1 Die Fariseërs en sommige skrifgeleerdes wat van Jerusalem af gekom het, kom toe
by Jesus. 2 Hulle het gesien party van sy dissipels eet hulle kos met onrein hande, dit
is met hande wat nie gewas is nie.
3 Die Fariseërs, en tewens die Jode oor die algemeen, eet immers nie as hulle nie
eers hulle hande behoorlik gewas het nie. So hou hulle hulle aan die oorgelewerde
gebruik van die voorgeslagte. 4 En wanneer hulle van die dorp af kom, eet hulle nie
as hulle nie eers gewas het nie. Daar is ook nog baie ander oorgelewerde gebruike
waaraan hulle hulle hou soos hoe om koppies, bekers, bakke en stoele te was.
5 Die Fariseërs en die skrifgeleerdes vra Hom toe: "Waarom handel u dissipels nie
volgens die oorgelewerde gebruik van die voorgeslagte nie en eet hulle met onrein
hande?"
6 Hy antwoord hulle: "Die profeet Jesaja het julle mooi opgesom. Julle is
skynheiliges, soos daar geskrywe staan:

> "Hierdie volk eer My met hulle mond,
> maar hulle hart is ver van My af.
> 7 Dit help niks dat hulle My probeer dien
> deur leerstellings van mense
> as gebooie van God voor te hou nie.

8 "Julle laat die gebod van God los en hou aan die oorgelewerde gebruik van mense
vas."
9 Hy het verder vir hulle gesê: "Julle verstaan die kuns goed om die gebod van God
opsy te skuiwe en julle oorgelewerde gebruike in stand te hou. 10 Moses het gesê:

‘Eer jou vader en jou moeder’ en: ‘Wie sy vader of sy moeder vloek, moet sekerlik doodgemaak word.’ 11 Maar julle sê: ‘Iemand kan vir sy pa of sy ma sê: Enige gawe wat u van my sou kon kry, is korban,’ dit wil sê: 'n offergawe vir God. 12 En so laat julle hom toe om hoegenaamd niks vir sy pa of sy ma te doen nie. 13 So ontneem julle die woord van God sy gesag deur julle oorgelewerde gebruike wat julle op julle beurt weer oorgelewer het. Daar is ook nog baie ander sulke dinge wat julle doen.”

**Wat 'n mens onrein maak**
**(Matt. 15:10-20)**

14 Daarna het Jesus weer die menigte nader geroep en vir hulle gesê: “Luister julle almal hier na My en verstaan dit goed: 15 Niks wat van buite af in 'n mens ingaan, kan hom onrein maak nie; maar die dinge wat uit 'n mens uitkom, dít maak hom onrein.”

17 Toe Hy van die menigte af weer huis toe gegaan het, het sy dissipels Hom oor hierdie beeldspraak uitgevra. 18 Hy sê toe vir hulle: “So, dan verstaan julle dit ook nie? Begryp julle nie dat niks wat van buite af in 'n mens ingaan, hom onrein kan maak nie, 19 omdat dit nie in sy hart ingaan nie maar in sy maag, en daarna uit sy liggaam uitgaan?”

Daarmee het Hy alle kos rein verklaar.

20 “Maar,” het Hy verder gesê, “wat van binne af uit 'n mens kom, dít maak 'n mens onrein. 21 Van binne af, uit die hart van die mens, kom die slegte gedagtes: onkuisheid, diefstal, moord, 22 owerspel, hebsug, kwaadwilligheid, bedrog, losbandigheid, afguns, kwaadpratery, hoogmoed, ligsinnigheid. 23 Al hierdie slegte dinge kom van binne af en dit maak 'n mens onrein.”

**Die Siro-Fenisiese vrou**
**(Matt. 15:21-28)**

24 Jesus het Hom gereed gemaak en daarvandaan weggegaan na die gebied van Tirus toe. Daar het Hy in 'n sekere huis tuis gegaan, en Hy wou nie hê dat iemand dit te wete moes kom nie. Tog kon Hy nie onopgemerk bly nie. 25 'n Vrou wie se dogtertjie van 'n onrein gees besete was, het gou van Hom te hore gekom. Sy het gekom en voor sy voete neergeval. 26 Hierdie vrou was 'n Griek wat in Siro-Fenisië gebore is. Sy het Hom gevra om die bose gees uit haar dogter uit te drywe. 27 Maar

Hy het vir haar gesê: “Wag dat die kinders eers klaar eet, want dit is nie mooi om die
kinders se kos te vat en vir die hondjies te gooi nie.”
28 Sy het Hom geantwoord: “Here, die hondjies eet darem onder die tafel die
kindertjies se oorskiet.”
29 Toe sê Hy vir haar: “Op grond van wat jy gesê het, kan jy maar huis toe gaan; die
bose gees het al klaar uit jou dogter uitgegaan.”
30 Toe sy by die huis kom, kry sy haar kindjie op die bed lê en die bose gees was al
klaar uit haar uit.

**Jesus genees 'n doofstom man**
**(Vgl. Matt. 15:29-31)**

31 Jesus is weer uit die gebied van Tirus weg en deur Sidon na die See van Galilea
toe in die gebied van Dekapolis. 32 Die mense bring toe 'n dowe man wat ook 'n
spraakgebrek het na Hom toe en vra Hom om tog sy hand op hom te lê. 33 Hy het
hom eers eenkant toe gevat, weg van die mense af. Toe het Hy sy vingers in die
man se ore gesteek en spoeg aan sy tong gesmeer. 34 Daarna het Hy na die hemel
toe opgekyk, gesug en vir hom gesê: “Effata!” Dit beteken: Gaan oop!
35 Sy ore het dadelik oopgegaan, die belemmering van sy spraak het verdwyn, en hy
het reg gepraat. 36 Jesus het die mense belet om dit vir iemand anders te vertel,
maar hoe meer Hy hulle belet het, hoe meer het hulle dit verkondig. 37 Hulle is
geweldig aangegryp en het gesê: “Alles wat Hy doen, is goed: die dowes laat Hy
hoor en die stommes laat Hy praat.”

## Kommentaar volgens Bybel in Praktyk

### 7:1-13

Die geestelike leiers het mense van Jerusalem af gestuur om te gaan ondersoek instel na Jesus se doen en late. Hulle was glad nie ingenome met die dinge wat hulle gevind het nie, want Jesus het hulle berispe omdat hulle die wet so nougeset onderhou het net om voor die mense vroom te lyk, en nie om God daar deur te vereer nie. Die profeet Jesaja het in sy leeftyd ook die geestelike leiers van skynheiligheid beskuldig (Jes. 29:13). Jesus het juis die woorde van Jesaja aangehaal toe Hy hierdie mense beskuldig het.

### 7:3-4

Markus moes vir die lesers meer omtrent die Joodse gebruike vertel, omdat sy brief veral tot nie-Joodse lesers gerig was. Die Jode het voor elke ete hulle hande en arms op 'n sekere manier wat in die wet voorgeskryf was, skoongemaak. Dit was vir hulle 'n simboliese reiniging van enige toevallige aanraking met iets of iemand wat onrein was. Jesus het gesê die Fariseërs het verniet gedink dat hulle rein voor God was omdat hulle van buite skoon was. Ook die koppies, bekers, bakke en stoele moes op 'n voorgeskrewe manier gewas word, omdat iemand wat onrein is, dit dalk kon gebruik het.

### 7:6-7

Die oorlewerings en gebruike van die Fariseërs is soms bo die ware bedoeling van die wet van God geplaas. Daarom beskuldig Jesus hulle van skynheiligheid en uiterlike vertoon. .

### 7:8-9

Die Fariseërs het honderde kleinlike reëls aan God se heilige wet as deel van hulle interpretasies toegevoeg, en die mense probeer dwing om ook hulle wette getrou na te kom. Hierdie mense het gereken dat hulle God se wil ten opsigte van elke aspek van die lewe ken.Partygodsdiensleiersprobeervandagnogomhulleeieinterpretasies en regulasies naas en selfs b6 God se Woord te plaas. Dit veroorsaak net verwarring onder gelowiges en buitendien is dit afgodediens om 'n menslike interpretasie van God se Woord net so belangrik soos die Skrif self te ag, Dit is veral gevaarlik om nie-Bybelse standaarde vir ander mense te stel en dan te verwag dat hulle volledig daaraan moet voldoen. Christus is die enigste vasstaande werklikheid en maatstaf waaraan alles gemeet moet word.

### 7:10-11

Die Fariseërs het selfs hulle verpligtinge teenoor hulle familie probeer ontduik deur God as verskoning voor te hou. Dit was vir hulle belangriker om geld vir die tempel te gee as om vir hulle behoeftige ouers te sorg. al sê die Woord van God uitdruklik dat 'n mens eerbied vir jou ouers moet hê (Eks 20:12) én vir behoeftiges moet sorg (Lev. 25:35-43). Ons moet wél ons tyd en geld vir die Here gee, maar ons mag Hom nooit as verskoning voorhou om ons verantwoordelikhede te ontduik nie. Om in die

behoeftes van armes te voorsien, is een van die belangrike maniere waarop ons die betekenis van die deurbraak van God se koninkryk kan sigbaar maak. Wanneer iemand sê dat hy iets het wat" korban" (7:11) is, beteken dit dat s6 iets vir die Here bestem is. Deur nie s6 iets aan jou ouers te gee nie terwyl die indruk geskep word dat dit aan God gewy is maar eintlik vir eie gewin gebruik word, is oneg en onbehoorlik. Dit getuig van 'n siek gesindheid. Die Here wil nie hê jy moet Hom as verskoning gebruik om jou ouers af te skeep nie.

### 7:18

Is ons ook meer begaan oor dit wat ons eet, as oor dit wat in ons harte is? Volgens die Jode se interpretasie van die voedselwette (Lev. 11), kon hulle rein wees voor God op grond van die dinge wat hulle nie eet nie. Jesus het hulle egter daarop gewys dat die sonde begin by die gesindhede wat in 'n mens se hart is. Hy het nooit die wet probeer aftakel of vervang nie. maar die weg gebaan vir die veranderinge waarvan ons in Handelinge 10:9-29 lees (vgl. Matt 15:1-20). Daar doen die Here immers weg met die voorgeskrewe kultuurgebonde beperkings wat daar op kos was. Dit is die dinge wat ons doen - dus uiterlike dinge - wat ons onrein maak, maar ons word van binne rein as Christus ons harte nuut maak en ons s6 vernuwe dat ons soos Hy word.

### 7:20-23

'n Slegte daad begin by 'n enkele gedagte wat uit die binneste opkom. Ons gedagtes kan ons besoedel en ons laat sonde doen. Om byvoorbeeld gedurig aan wellustige dinge te loop en dink of haat- en wraakgedagtes te koester, kan tot sonde lei. Ons mag nie toelaat dat ons gedagtes ons onaanneemlik vir God maak nie. Dink liewer aan dinge wat edel en mooi is en konsentreer ook op die goeie eienskappe wat in ander mense is (Fil. 4:8). Dink aan al die dinge waarvoor ons die Here moet loof, en dank Hom daarvoor.

## 2. Jesus se bediening buite Galilea

### 7:24

Jesus het sowat 60 kilometer na Tirus afgelê, en is van daar af na Sidon. Dié twee hawestede aan die Middellandse See was noord van Palestina geleë. Dit was twee

vooruitstrewende en ryk stede, Jesus en sy dissipels het waarskynlik daarnatoe vertrek om te kan rus.
In die tyd van Dawid was daar nog vriendskap en vrede tussen Tirus en Israel (2 Sam 5:11). Kort daarna het die stad egter berug geraak vir die sonde wat daar hoogty vier. Etbaäl, die koning van Tirus, het selfs sover gegaan om te verkondig dat hy God is (Eseg. 28:1-19). Daar was groot vreugde in Tirus toe Jerusalem in 586 vC verwoes is, want sonder Israel se mededinging op handelsgebied kon Tirus sy handel én wins geweldig opstoot. Jesus het sy boodskap onder dié materialistiese omstandighede en omgewing gaan verkondig. Dit is opvallend dat Hy volgens h4arkus net voor sy besoek aan Tirus soveel klem gelê het op innerlike reinheid.

## 7:26

Markus praat van 'n Siro-Fenisiese vrou, terwyl Matteus haar 'n Kanaäniete noem. Sy is 'n nasaat van die Kanaäniete wat eers dié gebied bewoon het maar het nou die Griekse kultuur aangeneem. Markus se Evangelie is hoofsaaklik aan die Romeinse Christene gerig, en die dissipels sou weet waar sy vandaan kom as hy haar 'n Siro-Fenisiese noem. Matteus wou weer hê dat sy Joodse lesers moes verstaan dat sy 'n afstammeling was van die Kanaäniete, Israel se groot vyande toe hulle by die beloofde land aangekom het.

## 7:27

Die Jode as die "kinders" na wie verwys word. het dikwels na die nie-Jode verwys as hondjies, want hulle het geglo dat die heidense volke net so min deur God geseën sou word as wat 'n hond deur Hom geseën sou word. Jesus het nie die vrou beledig toe Hy dié woord gebruik het nie, maar net aan haar probeer verduidelik dat God se boodskap in die eerste plek aan die Jode gebring sou word. Die vrou het nie met Hom geredeneer nie, maar deur van sy eie woorde gebruik te maak, vir Hom gesê dat sy heeltemal bereid is om 'n hondjie genoem te word, net solank God haar dogter sou seën. In die lig hiervan is dit soveel meer ironies dat soveel Jode nié die verlossing sou ontvang nie, omdat hulle Christus sou verwerp. Daarteenoor sou baie nie-Jode, na wie die Jode neerhalend as hondjies verwys het, Jesus erken en deur Hom verlos word. Jesus genees die dogter oor n afstand en was nie persoonlik by haar teenwoordig nie.

### 7:29

Hierdie wonderwerk bewys dat Jesus se gesag oor die bose geeste so volkome was dat dit nie eers vir Hom nodig was om by die besetene te wees nie. Hy kon hulle van ver af beveel om iemand te verlaat, en hulle het na Hom geluister.

### 7:36

Jesus het vir die mense gevra om nié oor die wonderwerke praat nie. want Hy wou nie in die eerste plek net bekend word vanweë sy wonderwerke nie. Hy wou nie hê dat die mense van sy verlossingsboodskap moes vergeet nie. Die mense het egter in sy optrede die dade van die verwagte Messias raakgesien. Hy tree in alles op soos die verwagte Messias.